- (i) Die tydelike aanstelling van 'n geneesheer of tandarts as 'n *locum tenens* vir 'n tydperk van hoogstens 6 maande is van die vereistes van hierdie reël vrygestel.
- (ii) Verplasing of bevorderings binne 'n diens word nie as nuwe aanstellings beskou nie en sodanige poste hoef nie weer geadverteer te word nie.

No. R. 1097 (Republiek)] [28 Junie 1974

DEPARTEMENT VAN SPOORWEË, HAWENS EN LUGDIENS

REGULASIES VIR DIE HAWENS VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN VAN SUIDWES-AFRIKA.

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens artikel 3 van die Konsolidasiewet op die Beheer en Bestuur van Spoorweë en Hawens, 1957 (Wet No. 70 van 1957), goedkeuring te verleen aan die wysiging van Regulasie No. 151 van die Regulasies vir die Hawens van die Republiek van Suid-Afrika en van Suidwes-Afrika, afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R.290 van 2 Maart 1962, deur die vervanging van paragraaf (1) deur die volgende:

„(1) Niemand mag —

- (a) 'n voertuig binne 'n hawegebied teen 'n hoër snelheid as 40 km/h bestuur nie, of, indien 'n laer snelheid as 40 km/h in of op kennisgewings of tekens aangedui word as die maksimum snelheid waarteen voertuie op 'n

pamphlets or notifications of any kind which refer in any way to his holding the said appointment: Provided that a medical practitioner or dentist shall not be deemed to have committed a breach of this rule if a benefit society notifies its members that medical or dental services have been arranged, details of which are available on application.

(3) Failure by a medical practitioner or dentist who has accepted a professional appointment to submit the contract originally entered into by him together with any subsequent amendments or addenda thereto for inspection by the Council within a period of 30 days reckoned from the date of the posting of a registered letter from the registrar to such medical practitioner or dentist at his address as shown in the register, calling upon him to submit his contract for inspection: Provided that upon good cause this period may be extended by the Council.

NOTES:

- (i) The temporary appointment of a medical practitioner or dentist as a *locum tenens* for a period not exceeding 6 months shall be exempted from the requirements of the rule;
- (ii) transfers or promotions within a service will not be regarded as new appointments and such positions need not be readvertised.

No. R. 1097 (Republic)] [28 June 1974

DEPARTMENT OF RAILWAYS, HARBOURS AND AIRWAYS.

REGULATIONS FOR THE HARBOURS OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA AND OF SOUTH WEST AFRICA.

The State President has been pleased in terms of Section 3 of the Railways and Harbours Control and Management (Consolidation) Act, 1957 (Act No. 70 of 1957), to approve of the amendment of Regulation No. 151 of the Regulations for the Harbours of the Republic of South Africa and of South West Africa published under Government Notice No. R.290 of 2nd March, 1962, by the substitution for paragraph (1) of the following:-

“(1) No person shall —

- (a) drive any vehicle within a harbour area at a speed exceeding 40 km/h, or, if a lower speed than 40 km/h is indicated by notices or signs as the maximum speed at which vehicles may be driven on any particular

bepaalde pad of deurgang binne so 'n gebied bestuur mag word, 'n voertuig op sodanige pad of deurgang teen 'n hoër snelheid as die aangeduide maksimum snelheid bestuur nie;

(b) 'n voertuig binne 'n hawegebied bestuur —

(i) wat nie kragtens die Padverkeerordonnansie geregistreer is nie; of

(ii) wat nie kragtens die Wet op Verpligte Motorvoertuigversekering, 1972, verseker is nie of waaraan geen geldige versekeringsteken aangeheg is nie; of

(iii) terwyl hy nie in besit is van 'n geldige bestuurderslisensie vir die betrokke voertuig nie; of

(iv) op 'n gevaarlike, roekelose of nalatige wyse nie;

(c) binne 'n hawegebied 'n voertuig bestuur of in die bestuurdersitplek sit van 'n voertuig waarvan die enjin loop terwyl hy onder die invloed verkeer van alkoholiese drank of afhanklikheidsvormende medisyne soos omskryf in die Wet op Misbruik van Afhanklikheidsvormende Stowwe en Rehabilitasiesentrums, 1971 (Wet No. 41 van 1971), of terwyl die persentasie alkohol in sy bloed nie minder as 0,08 persent is nie."

No. R. 1106 (Republiek)]

[26 Junie 1974.

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.-
WYSIGING VAN REËLS (NO. DAR/4).

Kragtens artikel 120 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word die reëls uitgevaardig ingevolge Goewermentskennisgewing R. 1771 van 5 Oktober 1973 gewysig met ingang van 8 Julie 1974 deur in paragraaf 6 van die Bylae die uitdrukking "Pakkamer geleë in die Lugvragmagasyn van die Suid-Afrikaanse Spoorweë, uit Hertzogboulevard, Strandgebied, Kaapstad" waar dit onder die opskrif "Kaapstad" voorkom deur die uitdrukking "Die grondvloer van die lugvragindpunt te D. F. Malanlughawe" te vervang.

D. ODENDAL,
Wnd. Sekretaris van Doeane en Aksyns.

OPMERKING: Voorsiening word gemaak te Kaapstad vir die aanwysing van die deurvoerloods geleë te D. F. Malanlughawe ter vervanging van die deurvoerloods geleë in die Lugvragmagasyn van die Suid-Afrikaanse Spoorweë, Kaapstad.

road or thoroughfare within such area, drive any vehicle upon such road or thoroughfare at a speed exceeding the maximum speed so indicated;

(b) within a harbour area drive any vehicle —

(i) that is not registered in accordance with the Road Traffic Ordinance; or

(ii) that is not insured in accordance with the Compulsory Motor Vehicle Insurance Act, 1972, or on which a valid insurance token is not displayed; or

(iii) without being in possession of a valid driver's licence for the vehicle concerned; or

(iv) in a dangerous, reckless or negligent manner;

(c) within a harbour area drive a vehicle or occupy the driver's seat of a vehicle the engine of which is running, when he is under the influence of intoxicating liquor or dependence-producing drugs as defined in the Abuse of Dependence-producing Substances and Rehabilitation Centres Act, 1971 (Act No. 41 of 1971), or when the percentage of alcohol in his blood is not less than 0,08 per cent."

No. R. 1106 (Republic)]

[26 June 1974.

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.-
AMENDMENT OF RULES (NO. DAR/4).

Under section 120 of the Customs and Excise Act, 1964, the rules published in Government Notice R.1771 of 5th October, 1973, are amended with effect from 8th July, 1974, by the substitution in paragraph 6 of the Schedule for the expression "Storeroom situated in the Air Freight Depot of the South African Railways, off Hertzog Boulevard, Foreshore, Cape Town" where it appears under the heading "Cape Town" of the expression "The ground floor of the airfreight terminal at D. F. Malan Airport".

D. ODENDAL,
Actg. Secretary for Customs and Excise.

NOTE: Provision is made at Cape Town for the appointment of the transit shed situated at D. F. Malan Airport as replacement for the transit shed situated in the Air Freight Depot of the South African Railways, Cape Town.

Algemene Kennisgewings**General Notices**

(No. 30 van 1974)

**MUNISIPALITEIT VAN WINDHOEK:
PERMANENTE SLUITING VAN 'N GEDEELTE
VAN OOP RUIMTE 3373, WINDHOEK**

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikel 183(1)(b) van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) soos gewysig, dat die Stadsraad van Windhoek voornemens is om die ondergemelde gedeeltes soos aangedui op die Plan P/852/A wat gedurende kantoorure in die kantoor van die Stadsklerk ter insae lê, permanent te sluit:

**GEDEELTE VAN OOP RUIMTE 3373,
WINDHOEK**

Besware teen die voorgenome sluiting moet ingevolge artikel 183(3) van bogenoemde ordonnansie binne 30 dae na die verskyning van hierdie kennisgewing aan die Administrateur bestel word.

A. C. ARNOLD,
Stadsklerk.

(No. 30 of 1974)

**MUNICIPALITY OF WINDHOEK:
PERMANENT CLOSING OF A PORTION OF
OPEN SPACE 3373, WINDHOEK**

Notice is hereby given in terms of section 183(1)(b) of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) as amended, that the Municipal Council of Windhoek proposes to close permanently the under-mentioned portions as indicated on Plan P/852/A which lies for inspection during office hours at the office of the Town Clerk:

PORTION OF OPEN SPACE 3373, WINDHOEK

Objections to the proposed closing are to be served on the Administrator within 30 days from the date of publication of this notice in terms of section 183(3) of the said ordinance.

A. C. ARNOLD,
Town Clerk.

(No. 31 van 1974)

**MUNISIPALITEIT VAN SWAKOPMUND:
PERMANENTE SLUITING VAN STRAAT EN
STRAATGEDEELTES**

Kennisgewing geskied hierby ingevolge die bepalings van artikel 183(1)(b)(ii) van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) soos gewysig, dat die Stadsraad van Swakopmund voornemens is om die ondergemelde gedeeltes soos aangedui op die plan M.SW.028 P 740, wat gedurende kantoorure in die kantoor van die Stadsklerk ter insae lê, permanent te sluit:

- (I) STRANDSTRAAT (1010) en gedeelte van Strandstraat (978), 'n strook van \pm 250 m lank en tussen 3 m en \pm 20 m breed ten weste aangrensend aan erf 139 (Landdrosresidensie), erf 834 (gesloopte spoorweghuise) en gedeelte van onbenutte Werftstraat (1011), gemerk A, B, C, D, E, F, en omlin in rooi op plan M.SW.028 P 740

(No. 31 of 1974)

**MUNICIPALITY OF SWAKOPMUND:
PERMANENT CLOSING OF STREET AND
PORTIONS OF STREETS**

Notice is hereby given in terms of section 183(1)(b)(ii) of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) as amended, that the Municipal Council of Swakopmund proposes to close permanently the under-mentioned portions as indicated on Plan M.SW.028 P 740, which lies for inspection during office hours at the office of the Town Clerk:-

- (I) STRAND Street (1010) and portion of Strand Street (978), a strip \pm 250 m long and between 3 m and \pm 20 m wide, adjoining in the west erf 139 (Magistrate's Residence), erf 834 (demolished railway houses) and portion of unused Werft Street (1011), marked A, B, C, D, E, F and lined in red on plan M.SW.028 P 740

- (II) (a) Onbenutte gedeelte van Werftstraat (1011), 'n helling aangrensend oos aan Strandstraat (978) ± 55 m wyd, gemerk D, E, G, H en omlyn in rooi op plan M.SW.028 P 740
- (II) (b) Onbenutte gedeelte van Werftstraat (1011), 'n helling oos van Strandstraat (978) ± 55 m wyd, gemerk J, K, L, M en omlyn in rooi op plan M.S.W.028 P 740
- (III) Gedeelte van Bergstraat (987), aangrensend aan Strandstraat (978), ± 50 m lank en tussen 25 m en 60 m wyd, gemerk N, O, P, Q, R, S en omlyn in rooi op plan M.SW.028 P 740.
- (IV) Gedeelte van Straat (1008), 'n klein driehoek met kante van 10 m lank aangrensend aan erf 486 en Bergstraat (987), gemerk R, S, T en omlyn in rooi op plan M.SW.028 P 740.
- (II) (a) Unused portion of Werft Street (1011), a slope adjoining in the east Strand Street (978), approximately 55 m wide, marked D, E, G, H and lined in red on plan M.SW.028 P 740
- (II) (b) Unused portion of Werft Street (1011) a slope east of Strand Street (978), approximately 55 m wide, marked J, K, L, M and lined in red on plan M.SW.028 P 740.
- (III) Portion of Berg Street (987), adjoining Strand Street (978), approximately 50 m long and between 25 m and 60 m wide, marked N, O, P, Q, R, S and lined in red on plan M.SW.028 P 740
- (IV) Portion of street (1008), a small triangle with sides 10 m long adjoining erf 486 and Berg Street (987), marked R, S, T and lined in red on plan M.SW.028 P 740

Besware teen die voorgename sluiting moet ingevolge artikel 183(3) van bogemelde ordonnansie binne 30 dae na die verskyning van hierdie kennisgewing aan die Administrateur bestel word.

Objections to the proposed closing are to be served on the Administrator within 30 days from the date of publication of this notice in terms of section 183(3) of the said ordinance.

Kennisgewing 37/74. W. M. VAN NIEKERK,
Stadsklerk.

Notice 37/74. W. M. VAN NIEKERK,
Town Clerk

(No. 32 van 1974)

(No. 32 of 1974)

**SLUITING VAN NIE-BLANKE BEGRAAFPLAAS:
SWAKOPMUND**

**CLOSING OF NON-WHITE CEMETERY:
SWAKOPMUND**

**LASGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 221(1) VAN
ORDONNANSIE 13 VAN 1963.**

**ORDER UNDER SECTION 221(1) OF
ORDINANCE 13 OF 1963**

Handelende kragtens die bevoegdheid aan hom gedelegeer ingevolge artikel 6(3) van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika 1968 (Wet 39 van 1968) gelas Sy Edele Barend Johannes van der Walt, Administrateur van Suidwes-Afrika, na oorleg met die Raad van die Munisipaliteit van Swakopmund, genoemde Raad hierby kragtens artikel 221 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) om die nie-blanke begraafplaas ('n gedeel van erf 1307) te Swakopmund, geleë binne sy regsmaatsgebied, te sluit.

Acting under the powers delegated to him in terms of section 6(3) of the South West Africa Consitution Act, 1968 (Act 39 of 1968) the Honourable Barend Johannes van der Walt, Administrator of South West Africa, hereby, after consultation with the Council of the Municipality of Swakopmund, orders the said Council under section 221 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963 to close the non-white cemetery (a portion of erf 1307) at Swakopmund, situated within its area of jurisdiction.

Gegee onder my hand in Windhoek op hierdie die 12de dag van Junie 1974.

Given under my hand in Windhoek on this 12th day of June 1974.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
Secretary for South West Africa.

Advertensies**ADVERTEER IN DIE OFFISIËLE KOERANT VAN SUID-WES-AFRIKA**

1. Die *Offisiële Koerant* verskyn op die 1ste en 15de dag van elke maand; as een van hierdie dae op 'n Sondag of openbare feesdag val, verskyn die *Offisiële Koerant* op die eersvolgende werkdag.

2. Advertensies wat in die *Offisiële Koerant* geplaas moet word, moet in die taal waarin hulle sal verskyn aan die OFFISIËLE KOERANTKANTOOR, P.S. 13186, Windhoek, geadresseer word, of by Kamer 109, Administrasie-gebou, Windhoek, afgelewer word, nie later nie as 4,30 nm. op die NEGENDE dag voor die verskyning van die *Offisiële Koerant*, waarin die advertensie geplaas moet word.

3. Advertensies word na die amptelike gedeelte in die *Offisiële Koerant* geplaas, of op 'n ekstra blad van die *Offisiële Koerant*, al na die Sekretaris goedvind.

4. Advertensies word vir die openbare voordeel in die *Offisiële Koerant* gepubliseer. Vertalings moet deur die Adverteerder of sy agent gelewer word indien verlang.

5. Slegs regsadvertensies word vir publikasie in die *Offisiële Koerant* aangeneem en hulle is onderhewig aan die goedkeuring van die Sekretaris van Suidwes-Afrika, wat die aanneming of verdere publikasie van 'n advertensie mag weier.

6. Die Administrasie van S.W.A. behou hom die reg voor om die kopie te redigeer, te hersien en oortollige besonderhede weg te laat.

7. Advertensies moet sover moontlik getik wees. Die manuskrip van advertensies moet slegs op een kant van die papier geskryf word en alle einame moet duidelik wees. In geval 'n naam weens onduidelike handskrif foutief gedruk word, kan die advertensie slegs dan herdruk word as die koste van 'n nuwe plasing betaal word.

8. Geen aanspreeklikheid word aanvaar vir enige vertraging in die publisering van 'n kennisgewing of vir die publisering daarvan op 'n ander datum as dié deur die insender bepaal. Insgelyks word geen aanspreeklikheid aanvaar ten opsigte van enige redigering, hersiening, weglatings, tipografiese foute en foute wat weens dowwe of onduidelike kopie mag ontstaan nie.

9. Die insender word aanspreeklik gehou vir enige skadevergoeding en koste wat voortvloei uit enige aksie wat weens die publisering, hetsy met of sonder enige weglating, foute, onduidelikhede of in watter vorm ook al, van 'n kennisgewing teen die Administrasie van S.W.A. ingestel word.

10. Die jaarlikse intekengeld op die *Offisiële Koerant* is R5,00 posvry in hierdie Gebied en die Republiek van Suid-Afrika, verkrygbaar by die here Die Suidwes-Drukkery Beperk, Posbus 2196, Windhoek. Oorsese intekenaars moet posgeld vooruit betaal. Enkel eksemplare van die *Offisiële Koerant* is verkrygbaar van die here Die Suidwes-Drukkery Beperk, Posbus 2196, Windhoek, teen 10c per eksemplaar. Eksemplare word vir slegs twee jaar in voorraad gehou.

11. Die koste vir die plasing van kennisgewings is soos volg en is betaalbaar by wyse van tjeks, wissels pos- of geldorders:

Tipe	Tarief
1. Oordrag van besigheid	R2,50
2. Vergadering van Balju	R2,50
3. Verklaring van dividend	R2,50
4. Verlore polis/akte/verband	R2,50
5. Regsveilings — Hooggeregshof	R4,00

Advertisements**ADVERTISING IN THE OFFICIAL GAZETTE OF SOUTH WEST AFRICA**

1. The *Official Gazette* is published on the 1st and 15th day of each month; if either of those days falls on a Sunday or Public Holiday, the *Official Gazette* is published on the next succeeding working day.

2. Advertisements for insertion in the *Official Gazette* should be addressed to the OFFICIAL GAZETTE OFFICE, P.B. 13186, Windhoek, or be delivered to Room 109, Administration Building, Windhoek, in the languages in which they are to be published, not later than 4.30 p.m. on the NINTH day before the date of publication of the *Official Gazette* in which they are to be inserted.

3. Advertisements are inserted in the *Official Gazette* after the official matter or in a supplement of the *Official Gazette* at the discretion of the Secretary.

4. Advertisements are published in the *Official Gazette* for the benefit of the public. Translations, if desired, must be furnished by the advertiser or his agent.

5. Only law advertisements are accepted for publication in the *Official Gazette*, and are subject to the approval of the Secretary for South West Africa, who may refuse to accept or may decline further publication of any advertisement.

6. The Administration of S.W.A. reserves the right to edit and revise copy and to delete therefrom any superfluous detail.

7. Advertisements should as far as possible be typewritten. Manuscript of advertisements should be written on one side of the paper only, and all proper names plainly inscribed; in the event of any name being incorrectly printed as a result of indistinct writing, the advertisement can only be republished on payment of the cost of another insertion.

8. No liability is assumed for any delay in publishing a notice or for publishing it on any date other than that stipulated by the advertiser. Similarly no liability is assumed in respect of any editing, revision, omission, typographical errors or errors resulting from faint or indistinct copy.

9. The advertiser will be held liable for all compensation and costs arising from any action which may be instituted against the Administration of S.W.A. as a result of the publication of a notice with or without any omission, errors, lack of clarity or in any form whatsoever.

10. The subscription for the *Official Gazette* is R5,00 per annum, post free in this Territory and the Republic of South Africa, obtainable from Messrs. The Suidwes-Drukkery Limited, P.O. Box 2196, Windhoek. Postage must be prepaid by overseas subscribers. Single copies of the *Official Gazette* may be obtained from Messrs. The Suidwes-Drukkery Limited, P.O. Box 2196, Windhoek, at the price of 10c per copy. Copies are kept in stock for only two years.

11. The charge for the insertion of notices is as follows and is payable in the form of cheques, bills, postal or money orders:

Type	Charge
1. Transfer of business	R2,50
2. Meeting of Sheriff	R2,50
3. Declaration of dividend	R2,50
4. Lost policy/deed/bond	R2,50
5. Sale in execution — Supreme Court	R4,00

12. Die koste vir die plasing van advertensies, behalwe die kennisgewings wat in paragraaf 11 genoem word, is teen die tarief van 35c per cm dubbelkolom. (Gedeeltes van 'n cm moet as volle cm bereken word).

13. Geen advertensie word geplaas nie tensy die koste vooruit betaal is. Tjeks, wissels, pos- en geldorders moet aan die Sekretaris van Suidwes-Afrika betaalbaar gemaak word.

DEPARTEMENT VAN VERVOER

AANSOEKE OM MOTORTRANSPORTSERTIFIKATE.

Die onderstaande aansoeke om Motortransportsertifikate, met aanduiding van (1) verwysingsnommer, (2) naam van applikant en aard van aansoek, (3) getal en tipe voertuie, (4) aard van voorgestelde motortransport, en (5) plekke waartussen en roetes waarvoor, of gebied waarin die voorgestelde vervoer sal plaasvind, word kragtens die bepalings van artikel dertien (1) van die Motortransportwet, 1930 (Wet 39 van 1930) soos gewysig, en regulasie 5 van die Motortransportregulasies 1964, soos gewysig, gepubliseer.

Skriftelike vertoe, in duplikaat, ter ondersteuning of bestryding van hierdie aansoeke moet binne tien (10) dae vanaf die datum van hierdie publikasie aan die aangeduide adres gerig word.

Adres waarheen vertoe gerig moet word: Die Sekretaris, Plaaslike Padvervoerraad, Privaarsak 13178, Windhoek, S.W.A.

P 53 (M 156) – WINDHOEK (2) Jowells Transport S.W.A. (Edms) Bpk. – Vervoerkontraakteurs – Windhoek (3) Aansoek om motortransportsertifikaat – Bykomende magtiging: 7 Leunwaens: 4 van 23 ton elk: SW 12540, SW 5521, SW 10996 & 2891; SW 20051 – 18 ton, SW 26266 – 16 ton & CBU 2250 – 10 ton. (4) & (5) Soos per aangehegte bylaag "A".

"A"

BYLAAG UITGEREIK IN SAMEHANG MET MOTORTRANSPORTSERTIFIKAAAT NO. VOERTUIG NO.

1. Abnormale vragte van grondverskuiwingsmasjinerie wat weens massa of afmetings nie met spoorweg-trokke vervoer kan word nie (a) vanaf Windhoek direk na plekke geleë binne Suidwes-Afrika (b) vanaf plekke geleë binne Suidwes-Afrika (uitgesluit vanaf plekke geleë binne die landdrostdistrikte van Luderitz, Maltahöhe, Mariental, Keetmanshoop, Karasburg en Bethanien), direk na Windhoek.
2. Goedere – Binne 'n gebied met 'n radius van 50 (vyftig) km. vanaf Windhoek Hoof Poskantoor.
3. Goedere en Nie-blanke werknemers – Tussen Windhoek en plekke geleë binne Windhoek landdrostdistrik wesen van die spoorlyn met die bepaling dat geen goedere opgelaa mag word op 'n plek binne 'n strook van 10 (tien) km. weerskante van 'n spoorweg, of gereelde padvervoerdienste ten opsigte waarvan 'n motortransportsertifikaat bestaan indien sodanige

12. The charge for the insertion of advertisements other than the notices mentioned in paragraph 11 is at the rate of 35c per cm double column. (Fractions of a cm to be reckoned as a cm).

13. No advertisements are inserted unless the charge is prepaid. Cheques, drafts, postal orders or money orders must be made payable to the Secretary for South West Africa.

DEPARTMENT OF TRANSPORT

APPLICATIONS FOR MOTOR CARRIER CERTIFICATES.

The undermentioned applications for Motor Carrier Certificates indicate (1) reference number, (2) name of applicant and nature of application, (3) number and type of vehicles, (4) nature of proposed motor carrier transportation, and (5) points between and routes over or area within which the proposed Motor Carrier Transportation is to be effected, are published in terms of section thirteen (1) of the Motor Carrier Transportation Act, 1930 (Act 39 of 1930) as amended, and regulation 5 of the Motor Carrier Transportation Regulations, 1964, as amended.

Written representations, in duplicate, supporting or opposing these applications must be submitted to the address indicated within ten (10) days from the date of this application.

Address to which representations must be submitted: The Secretary, Local Road Transportation Board, Private Bag 13178, Windhoek, S.W.A.

goedere op 'n ander plek geleë binne 'n strook van 10 (tien) km. weerskante van dieselfde spoorweg of padvervoerdienste of enige ander spoorweg of gereelde padvervoerdienste wat 'n skakel met sodanige spoorweg of padvervoerdienste vorm, afgelaa moet word nie, indien gemelde dienste sodanige plekke bedien of bereid is om sodanige plekke te bedien.

4. Goedere wat individueel, wanneer afgetakel, 10,97 meter in lengte of 2,49 meter in wydte of 2,59 meter in hoogte oorskry en as sulks nie in normale spoorweg-trokke vervoer kan word nie tesame met komponente wat daarvan afgetakel is (uitgesluit padboumasjinerie en gehoudens die magtiging in paragraaf 1 hierbo uitgesluit grondverskuiwingsmasjinerie) – Binne Suidwes-Afrika onderhewig aan die voorwaarde dat geen goedere binne die volgende gebiede opgelaa en weer op 'n ander plek binne dieselfde gebied afgelaa word nie:
 - (i) Die landdrostdistrikte Keetmanshoop, Tsumeb en Grootfontein, en
 - (ii) die gebied tussen die Kuiseb- en Kuneneriviere wat binne 'n strook van 160 (eenhonderd-en-sestig) km. oos van die weskus hoogwaterlyn geleë is.
5. Onderdele wat benodig word vir die onmiddellike *bona fide* herstel van masjinerie of werktuigkundige installasies wat defek geraak het en wat weens dringende omstandighede spoedeisend herstel moet word uitgesluit aflewering aan 'n besigheidsperseel

ter aanvulling van voorrade — Binne Suidwes-Afrika onderhewig aan die volgende voorwaardes:

(a) dat geen onderdeel binne die volgende gebiede opgelaai en weer op 'n ander plek binne die gebied afgelaai mag word nie;

(i) die landdrostdistrikte van Grootfontein, Tsumeb, Keetmanshoop en Okahandja; en

(ii) die gebied geleë tussen die Kuiseb- en Kuneneriviere wat binne 160 (eenhonderd-en-sestig) km. oos van die weskus hoogwaterlyn geleë is; asook

(b) met die bepaling dat geen goedere opgelaai mag word op 'n plek binne 'n strook van 10 (tien) km. weerskante van 'n gereelde padvervoerdienst opsigte waarvan 'n motortransportsertifikaat bestaan indien sodanige goedere op 'n ander plek geleë binne 'n strook van 10 (tien) km. weerskante van dieselfde padvervoerdienst of enige ander gereelde padvervoerdienst vorm, afgelaai moet word nie, indien gemelde dienste sodanige plekke bedien of bereid is om sodanige plekke te bedien.

6. Defektiewe meganiese toerusting of werktuigkundige installasies vir dringende herstel — Vanaf 'n plek binne Suidwes-Afrika waar dit defek geraak het na 'n plek van herstel geleë binne Suidwes-Afrika en na herstel terug na die plek vanwaar dit vir herstel vervoer was.

7. Lewende hawe.

(i) Tussen plase en/of veevendusies en/of die naaste of mees gerieflikste spoorwegstasie en/of spoorweglylyn waar die nodige laaifasiliteite beskikbaar is binne die landdrostdistrikte van Windhoek en Rehoboth met die bepaling dat geen lewende hawe opgelaai sal word op plekke geleë binne 'n radius van 10 (tien) kilometer weerskante van 'n gereelde padmotordienst bedien deur die S.A.S. & H. Administrasie en waarvoor 'n geldige motortransportsertifikaat uitgereik is indien die gemelde lewende hawe 'n onmiddellike bestemming op dieselfde roete het en die S.A.S. & H. Administrasie bereid is om sodanige lewende hawe te vervoer.

8. Lewende hawe. Vanaf plase en/of openbare veevendusies binne die landdrostdistrikte van Windhoek en Rehoboth na Windhoek en Rehoboth slapale met die bepaling dat geen lewende hawe opgelaai sal word op plekke geleë binne 'n gebied met 'n radius van 10 (tien) kilometer weerskante van 'n gereelde padmotordienst bedien deur die S.A.S. & H. Administrasie en waarvoor 'n geldige motortransportsertifikaat uitgereik is indien die gemelde lewende hawe 'n onmiddellike bestemming op dieselfde roete

het en die S.A.S. & H. Administrasie bereid is om sodanige lewende hawe te vervoer en verder dat geen lewende hawe met 'n onmiddellike bestemming op 'n spoorweglylyn opgelaai sal word op plekke geleë op 'n gereelde padmotordienst bedien deur die S.A.S. & H. Administrasie.

9. Konsentrete van onedele metale wat bestaan uit verpoederde minerale nie met sure of hitte behandel nie, slegs in massa en nie in sakke nie — Vanaf myne geleë binne Suidwes-Afrika na die smelter geleë te Nababeep, Namakwaland.

SEKRETARIS.

P 97 (M 301) — WINDHOEK (2) W. J. Du Toit as trustee vir 'n maatskappy gestig staan te word — Vervoerkontraakteur — Windhoek (3) Aansoek om motortransportsertifikaat — Bykomende voertuie met nuwe magtiging — 2 busse van 65 sitplekke elk aangekoop te word. (4) Nie-blanke passasiers en hulle persoonlik besittings. (5) Vanaf Otjihase myn, Rehoboth en Oamites myn na Rehoboth en terug oor dieselfde roete. Roetebeskrywing, Tydtafel en Tariewe soos per aangehegte bylae.

ROETEBESKRYWING

Vanaf Otjihase Myn met privaatpad tot by hoofpad na Windhoek; hoofpad na Windhoek; Gobabisweg; Jan Jonkerweg; Kruppstraat; Republiekweg; stop by Olympia vulstasie in Republiekweg; met Republiekweg tot in hoofpad na Rehoboth; met ongenoemde afdraaipad na Oamites Myn; met ongenoemde pad na kampong; met ongenoemde paaie na hoofpad; hoofpad na Rehoboth; ongenoemde weg na Suidwes Hotel, Rehoboth; terug na Otjihase Myn oor dieselfde roete.

DAAGLIKSE DIENS MAANDAG TOT SATERDAG

SONDAG GEEN DIENS

<i>Vertrek</i>		<i>Arriveer</i>	
Otjihase	5.45 nm.	Windhoek	6.15 nm.
Windhoek	6.30 nm.	Oamites	7.30 nm.
Oamites	7.35 nm.	Rehoboth	8.15 nm.
Rehoboth	5.00 vm.	Oamites	5.40 vm.
Oamites	5.45 vm.	Windhoek	6.45 vm.
Windhoek	7.00 vm.	Otjihase	7.30 vm.

TARIEWE

	<i>Enkel</i>	<i>Retoeer</i>
Otjihase — Windhoek	R0,80	R1,30
Otjihase — Rehoboth	R1,80	R2,80
Windhoek — Oamites	R0,70	R1,30
Windhoek — Rehoboth	R1,10	R2,00
Windhoek — Otjihase	R0,80	R1,30
Oamites — Rehoboth	R0,60	R1,00
Oamites — Windhoek	R0,80	R1,30

P 117 (M 24) – WALVISBAAI – OSHAKATI (2) F. J. Troost – Vervoerkontraakteur – Walvisbaai (3) Aansoek om Motortransportsertifikaat – Bykomende voertuig met nuwe magtiging – SV 1705 – Bus – 49 sittende en 19 staande passasiers en 1136 kg. bagasie. (4) en (5) Soos per aangehegte bylaag.

WALVISBAAI PASSASIERSDIENS.

1. NIE BLANKE PASSASIER:

Vanaf Walvisbaai, Swakopmund, Usakos, Karibib, Omaruru, Kalkfeld, Otjiwarongo, Otavi en Tsumeb na Ondangwa en Oshakati en terug.

ROETE BESKRYWING:

Vanaf Walvisbaai Passasiersdiens Bus Depot in 10de Straat, Walvisbaai. Oor 10de Straat dan oor 18de Weg tot in Hoofpad na Swakopmund. Daarna met Hoofpad tot by busstop op hoek van Kaiser Wilhelm/breite Straat, Swakopmund. Vanaf genoemde busstop oor hoofpad na Usakos tot by die lokasieafdraaipad. Hiervandaan tot by die Omaruru afdraaipad in Karibib. Vanaf hierdie punt met die hoofpad tot by die lokasieafdraaipad by ingang van Omaruru. Dan oor Hoofstraat Omaruru tot by die hoofpad na Kalkfeld. Vanaf hierdie punt met hoofpad tot by die lokasieafdraaipad in Kalkfeld. Hiervandaan met hoofpad tot by die Otjiwarongo kruising. Hiervandaan oor Daan Pienaarweg tot in Vortrekker Straat. Stop nou by die kruising met Lokasiestraat Otjiwarongo. Vanaf hierdie stop tot by die Hoofpad. Nou met die hoofpad tot by Otavi af-

draaipad. Hiervandaan langs Republiekweg tot by eerste kruising. Nou regs in Johan Buchholz straat busstop regoor Mobil vulstasie. Nou terug oor dieselfde roete tot by die Hoofpad. Hiervandaan tot by die lokasieafdraaipad in Tsumeb. Vanaf hierdie stop met hoofpad tot by BBK vulstasie in Ondangwa. Daarna verder met hoofpad tot by BBK Werkswinkel afdraaipad in Oshakati en terug oor dieselfde roete na Walvisbaai.

2(a) TYDTAFEL VANAF WALVISBAAI NA OSHAKATI:

Walvisbaai	: 19.00 hrs.	- Vrydag
Swakopmund	: 20.00 hrs.	- Vrydag
Usakos	: 22.30 hrs.	- Vrydag
Karibib	: 23.15 hrs.	- Vrydag
Omaruru	: 1.00 hr.	- Saterdag
Kalkfeld	: 2.30 hrs.	- Saterdag
Otjiwarongo	: 4.00 hrs.	- Saterdag
Otavi	: 6.00 hrs.	- Saterdag
Tsumeb	: 7.30 hrs.	- Saterdag
Ondangwa	: 12.00 hrs.	- Saterdag
Oshakati	: 13.00 hrs.	- Saterdag

2(b) TYDTAFEL VANAF OSHAKATI NA WALVISBAAI:

Oshakati	: 8.00 hrs.	- Maandag
Ondangwa	: 9.00 hrs.	- Maandag
Tsumeb	: 13.30 hrs.	- Maandag
Otavi	: 15.00 hrs.	- Maandag
Otjiwarongo	: 17.00 hrs.	- Maandag
Kalkfeld	: 18.30 hrs.	- Maandag
Omaruru	: 20.00 hrs.	- Maandag
Karibib	: 21.45 hrs.	- Maandag
Usakos	: 22.30 hrs.	- Maandag
Swakopmund	: 1.00 hr.	- Dinsdag
Walvisbaai	: 2.00 hrs.	- Dinsdag

ENKEL TARIWE.

WALVISBAAI

X	SWAKOPMUND								
X	X	USAKOS							
X	X	X	KARIBIB						
X	X	X	X	OMARURU					
X	X	X	X	X	KALKFELD				
X	X	X	X	X	X	OTJIWARONGO			
X	X	X	X	X	X	X	OTAVI		
X	X	X	X	X	X	X	X	TSUMEB	
12.50	12.00	9.50	9.00	8.00	7.00	6.00	4.50	3.50	ONDANGWA
13.00	12.50	10.00	9.50	8.50	7.50	6.50	5.00	4.00	0.50 OSHAKATI

RETOER TARIEWE.

WALVISBAAI

X	SWAKOPMUND								
X	X	USAKOS							
X	X	X	KARIBIB						
X	X	X	X	OMARURU					
X	X	X	X	X	KALKFELD				
X	X	X	X	X	X	OTJIWARONGO			
X	X	X	X	X	X	X	OTAVI		
X	X	X	X	X	X	X	X	TSUMEB	
17.50	17.00	14.50	13.50	12.50	11.50	9.00	7.00	5.50	ONDANGWA
18.00	17.50	15.00	14.00	13.00	12.00	9.50	7.50	6.00	X OSHAKATI

4(a) Op ritte soos en wanneer benodig vanaf Busstop op kruising van Kaiser Wilhelm/Breite Str., Swakopmund met die hoofpad na Usakos tot by die Rössing Uraanmyn afdraaipad. Nou langs geneemde pad tot by die Rössing Uraanmyn en terug oor dieselfde roete.

4(h) *Tarief:*

R2,00 Enkel
R3,00 Retoer.

P 118 (M 530) – WALVISBAAI – OSHAKATI (2) A. Naweb – Huurmotoreienaar – Walvisbaai (3) Aansoek om motortransportsertifikaat – Bykomende voertuig met nuwe magtiging – Een bus van 25 sitplekke aangekoop te word. (4) Bantoe passasiers en hulle bagasie. (5) Vanaf Walvisbaai na Ondangwa, Oshakati en Oshikango en terug oor dieselfde roete.

Roetebeskriving: Soos per aangehegte bylaag "A".

Tydtabel & Tariewe: Soos per aangehegte bylaag "B".

"A"

ROETEBESKRYWING

Vanaf Kuiseb Mond Bantoe Woonbuurt Walvisbaai beginpunt regoor Lutherse Kerk met toegangspad na Hoofpad Walvisbaai-Swakopmund; Hoofpad Swakopmund na Usakos; Hoofpad Usakos na Karibib; Hoofpad Karibib na Omaruru; Hoofpad Omaruru na Kalkfeld; Hoofpad Kalkfeld na Otjiwarongo; Hoofpad Otjiwarongo na Otavi; Hoofpad Otavi na Tsumeb; Hoofpad Tsumeb na Ondangwa; Hoofpad Ondangwa na Oshakati; Terminus Okatana Vulstasie in Oshakati; Hoofpad vanaf Oshakati terug tot by kruising van Hoofpad Oshakati Ondangwa en hoofpad Ondangwa

na Oshikango; vanaf kruising voormeld tot by grenspos Oshikango; en terug na Walvisbaai oor dieselfde roete. Passasiers word slegs ingeneem te Walvisbaai, Ondangwa, Oshakati en Oshikango.

"B"

TYDTAFEL

GEWONE NAWEEKDIENS

HEENREIS:

Vertrek

Arriveer

Walvisbaai 6.00 nm. Vrydae

Ondangwa 6.00 vm. Saterdag
Oshakati 7.00 vm. Saterdag
Oshikango 9.30 vm. Saterdag

TERUGREIS:

Vertrek

Arriveer

Oshikango 4.00 nm. Sondag
Oshakati 6.00 n. Sondag
Ondangwa 7.00 nm. Sondag

Oshakati 5.45 nm.
Ondangwa 6.45 nm.
Walvisbaai 9.00 vm. Maandag

AFSTAND:

Walvisbaai/Oshikango – 908 kilometer
Walvisbaai/Ondangwa – 840 kilometer
Walvisbaai/Oshakati – 873 kilometer
Ondangwa/Oshakati – 33 kilometer
Oshakati/Oshikango – 100 kilometer

TARIEWE

	<i>Retoer</i>	<i>Enkel</i>
Walvisbaai – Oshikango	R16,00	R8,00
Walvisbaai – Oshakati	R16,00	R8,00
Walvisbaai – Ondangwa	R15,00	R7,50

KENNISGEWING VAN OORDRAG VAN BESIGHEID.

Neem kennis dat 14 dae na publikasie van hierdie kennisgewing aansoek gedoen sal word by die Handelslisensiehof vir die Distrik van Gobabis gehou te Gobabis vir die oordrag van die Handelslisensie naamlik: Materiaal vir verwerking as stokperdjies, sportware, materiale vir uitvoering van kunshandwerk. Beperk tot speelgoed handwerkstukke gehou deur WYNAND JOHANNES LE ROUX ten opsigte van die besigheid bekend as "Le Nes" Boutique, Mutuolgebou, Voortrekkerstraat, Gobabis aan BAREND JACOBUS DE KLERK BOSHOFF wie op dieselfde perseel onder dieselfde naam vir sy eie rekening besigheid sal doen.

GEDATEER te GOBABIS hierdie 27ste dag van Junie 1974

J. K. ROUX,
Prokureur vir die partye,
Mutuolgebou,
Voortrekkerstraat,
Posbus 210,
GOBABIS.

KENNISGEWING VAN OORDRAG VAN BESIGHEID.

Neem kennis dat 14 dae na publikasie van hierdie kennisgewing aansoek gedoen sal word by die Handelslisensiehof vir die Distrik van Gobabis gehou te Gobabis vir die oordrag van die Handelslisensie naamlik: Smit- en Mineraalwater, Tabak by kleinmaat en Biljart Tafel gehou deur FRIEDA COETZEE ten opsigte van die besigheid bekend as Hotel la Ville te Erf 163, Hoofstraat, Leonardville aan LESLIE HARMSE wie op dieselfde perseel onder dieselfde naam vir sy eie rekening besigheid sal doen.

Gedateer te Gobabis hierdie 27ste dag van Junie 1974.

J. K. ROUX,
Prokureur vir die partye,
Mutuolgebou,
Voortrekkerstraat,
Posbus 210,
GOBABIS.

KENNISGEWING VAN OORDRAG VAN BESIGHEID

KENNIS geskied hiermee dat veertien (14) dae na publikasie hiervan, aansoek gedoen sal word by die Landdros, WINDHOEK vir die oordrag van die VARS PRODUKTE lisensie tans gehou deur REYNOLD MURRAY COLYN wie besigheid dryf as COLYN'S te Erf 5518, Franse Bank Sentrum, WINDHOEK, aan ten gunste van HANS HORST KUNKEL en MARIE-LUISE KUNKEL wie voortaan besigheid sal dryf op dieselfde perseel en onder dieselfde naam en styl vir hulle eie rekening.

GEDATEER te WINDHOEK op hierdie 1ste dag van JULIE 1974.

SCHOEMAN & LOMBARD,
Prokureurs vir Party,
701 Metje Behnsen gebou,
Posbus 2195,
Kaiser Straat,
WINDHOEK.

KENNISGEWING VAN OORDRAG VAN BESIGHEID.

Kennis geskied hiermee dat 14 dae na publikasie hiervan, aansoek gedoen sal word by die Landdros te Tsumeb, vir die oordrag van die Algemene Handelaarslisensie tans gehou deur HESTER CECILIA JANSEN aan MARLENE VAN NIEKERK (gebore RUTHVEN) wie besigheid sal drywe onder die handelsnaam van MARLENE'S BOUTIQUE, op haar eie rekening op dieselfde perseel, te wete te Erf No. 4, Tsumeb, in die distrik van Tsumeb.

Gedateer te TSUMEB, hierdie 2de dag van Julie 1974.

MICHAU & GERTEN-
BACH,
Posbus 259,
Hoofstraat,
TSUMEB.